HOOFSTUK
2

Opsomming

Bankrekonsiliasie

Die BANKREKENING is 'n spieëlbeeld van die Bankstaat

Die onderneming – bankrekening	Die handelsbank – privaatrekening
Die onderneming het geld (gunstige saldo) in die bank. Die Bankrekening sal 'n debietsaldo (B+) vertoon	Die Bank skuld die onderneming geld – Kredietsaldo Las in die handelsbank se rekords.
Die onderneming skuld die handelsbank geld (Oortrekking). Die Bankrekening sal 'n krediet saldo (L+) vertoon	Die onderneming word 'n debiteur van die Bank – Debietsaldo. 'n Bate in die bank se rekords.
Deposito's gedeponeer in die privaatrekening. Inskrywing in die KOJ en 'n debietinskrywing in die Bankrekening (B+)	Die bank sal die privaatrekening krediteer.
Tjeks by bank aangebied vir betaling. Inskrywing word in KBJ gemaak en 'n kredietinskrywing in die bankrekening (l+).	Die bank sal die privaatrekening debiteer.

Prosedure vir rekonsiliasie van die Bankstaat en die kontantjoernale

Stap 1	Bring die KOJ en KBJ se totale af
Stap 2	Bring down the total of the BANK rekening in the General Ledger. This amount mei be given or will appear in the previous month's Bankrekonsiliasiestaat. Favourable balance entered on debit side. Unfavourable balance entered on credit side.
Stap 3	Dra die balans van die Bankstaat oor na die Bankrekonsiliasiestaat. Gunstige / kreditbalance word in die kredietkolom geskryf. Ongunstige / debietbalans word in die debietkolom geskryf
Stap 4	Vergelyk die kredietinskrywings in die Bankstaat met die inskrywings in die KOJ en die krediet inskrywings van die vorige maand se Bankrekonsiliasiestaat (laat deponering van depositos). Vergelyk die debietinskrywings op die Bankstaat met die inskrywings in die KBJ en die debiet inskrywings in die vorige maand se Bankrekonsiliasestaat (debiteer uitstaande tjeks). Merk die inskrywings af wat op die Bankstaat en die KOJ/KBJ/ vorige maand se Bankrekonsiliasiestaat verskyn. Omkring die bedrae wat nie ooreenstem nie. Verseker dat die bedrae ooreenstem.
Stap 5	Maak inskrywings soos aangedui in die onderstaande tabel. Sluit die joernale af en pos na die Bankrekening in die Algemene Joernaal. Sluit die Bankrekonsiliasiestaat af.

Krediteure rekonsiliasie stappe

Stap 1	Vergelyk die staat van die krediteur met die krediteurrekening in die Krediteuregrootboek.
Stap 2	Omkring die afwykings.
Stap 3	Berei die Krediteurerekonsiliasiestaat voor en sluit af.
Stap 4	Stuur die Krediteurerekonsiliasiestaat na die krediteur indien die krediteur 'n fout begaan het.
Stap 5	Reik 'n tjek uit om die nodige bedrag te betaal.